
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

die besluit is joune

Die mens bestaan uit liggaam, gees en siel. Die siel weer bestaan uit die emosies (ek voel), die intellek (ek dink) en die wil (ek wil). Hoewel emosie 'n belangrike deel van die mens is, moet ons dit nie as die beslissende faktor aanwend om ons lewens te regeer nie. Dis die wil waarmee ons besluite moet bevestig: Bv. ons kan kies om getroud te bly in 'n moeilike huweliksituasie, ons kan kies om gewig te verloor, ons kan kies om selektief televisie te kyk. Jesus Christus in die tuin van Getsemané is 'n wonderlike voorbeeld vir ons. Hy het gekies om die pad van die kruis te gaan ter wille van ons sondes. Hy het beslis nie daarna gevoel nie, maar het met Sy wil 'n keuse gemaak in ooreenstemming met God se wil. Let op wat sê God aan Israel in Deut. 28:13: **En die Here sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooie van die Here jou God.....** Interessant is dat dit met ons kop is waarmee ons besluite neem asook ons wil rig. Elke mens wat hierdie aarde bewoon het alreeds 'n baie belangrike keuse gedoen. As jy nog nie 'n daadwerklike besluit geneem het vir God nie, is jy op pad hel toe. Jy sal dan maar soos 'n blaar in die see voortdobber en meegesleur word deur wêreldse misleidings, sorge en/ of aanloklikhede. Ons kan ook nie die ewige lewe met God beërwe deur ons "goeie" werke nie, hoewel goeie dade 'n bewys is van ons geloof in God.

Ons kom dus nou tot die gevolgtrekking dat daar slegs twee keuses is: 'n Ewigheid met God die Vader en Jesus Christus (lewe) of 'n ewigheid in 'n poel van vuur saam met die duiwel en sy bose magte (dood). Openb. 20:10 & 15.

'n Keuse vir jou ewige lewe met God vereis dat jy jou lewe aan God sal toevertrou. Hier volg basiese stappe vir die belangrikste besluit van jou lewe:

BEROU EN BEKERING

Dit beteken om weg te draai van jou huidige lewe na God se reëls en voorskrifte in die Bybel. Op die eerste Pinksterdag nadat die Heilige Gees uitgestort was en Petrus die evangelie verkondig het, het die mense die volgende vraag gevra. Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: **Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. (**Hand. 2:38). Sien ook Hand. 17:30: **God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer.**



Met ware berou en bekering word ons liefde vir God wakker gemaak en raak die pad van geloof in Jesus Christus 'n pad van vrede en vreugde.

Let op: Al die mense….. (niemand word uitgesluit nie) met bekering as eerste vereiste.

In Grieks (oorspronklike taal van Nuwe Testament) beteken bekering: om van besluit te verander. In Hebreeus (oorspronklike taal van Ou Testament) beteken dit: om van rigting te verander. 'n Goeie voorbeeld in die Bybel is die Verlore Seun in Luk. 15. Die keerpunt in sy lewe was toe hy sê: Ek sal opstaan en na my vader gaan…. Hy het gekies en gedoen. In kerkdienste gaan mense dikwels vir die bekeringsgebed, wat baie goed is, maar geen doel dien as dit nie 'n veranderde lewe teweeg bring nie. 'n Mens kan slegs jou lewe verander deur God se Wil te leer ken in Sy Woord – lees dan asseblief jou Bybel biddend en gereeld, sodat die Heilige Gees jou kan leer, lei en herinner aan alles wat Jesus beveel het en jou oortuig van sonde en geregtigheid.

Hand. 20:21: **Terwyl ek kragtig by die Jode sowel as die Grieke aangedring het op die bekering tot God en die geloof in onse Here Jesus Christus.**

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Jesus—God se wil in aksie...)

Met ware berou en bekering word ons liefde vir God wakker gemaak en raak die pad van geloof in Jesus Christus 'n pad van vrede en vreugde. In Openb. 2 en 3 sien ons dat Jesus vyf van die sewe gemeentes maan tot bekering.

Klaag. 5:21: **Bekeer ons tot U, Here, dan sal ons ons bekeer; vernuwe ons dae soos in die voortyd.** Deur Sy groot genade begin die Heilige Gees van God die werk van bekering in ons. God trek ons (Joh. 6:44 en Openb. 3:20) maar ons maak self die finale keuse. Moenie dat jou oomblik van genade jou vir altyd verbygaan nie! Hand. 2:38: **En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.** Petrus gee hier instruksies van God: **Bekeer en laat julle doop ..... en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.** Dikwels hoor 'n mens gelowiges sê dat hy hom sal laat doop wanneer die Heilige Gees hom oortuig. Dit is werklik 'n wanbegrip. Die doop na bekering is 'n opdrag in die Woord van God wat juis deur die Heilige Gees geïnspireer is. Om jou te laat doop na bekering is dan 'n aksie van gehoorsaamheid, net so die doop in die Heilige Gees. (Kry ons boek Ondervind die Heilige Gees)

Die pad saam met God begin dus altyd by berou en bekering, of ons nou die eerste keer hierdie keuse maak of ons dalk afvallig geraak het. Luk. 24:46-47: **En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder.**

Sien ook Mark. 1:15.

VERGIFNIS

Mark. 11:25: **En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle IETS teen IEMAND het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.**

Om te vergewe is weereens 'n keuse uit vrye wil. Dit het ook niks te doen met 'n "gevoel" of 'n emosie nie. Soos ons duidelik sien in Mark. 11:25, vergewe die Vader nie ons oortredinge as ons onvergewensgesind teenoor ander is nie. Jou gebede word selfs nie verhoor wanneer jy onvergifnis in jou hart het nie. Dis eintlik net wysheid tot jou eie voordeel om te vergewe, maar dwaasheid om aan onvergifnis vas te hou. Jy het die mag om te vergewe, daarom, vergewe elke ander persoon onvoorwaardelik afgesien wat hy aan jou gedoen het. So word ook die mag van die pyneger gebreek.

In Matt. 6:12 lees ons die Onse Vader-gebed: **en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.** Die Griekse vertaling gebruik verlede tyd: soos ons ook ons skuldenaars vergewe het, m.a.w. ons moes reeds ons skuldenaars vergewe het wanneer ons by God vergifnis vra.

As voorbeeld kan ons kyk na die moeilike aangeleentheid waar 'n man ontrou aan sy vrou was. Sy sou dan 'n hele aantal wettige skuldbriewe in haar hand kon hou: Hy skuld haar getrouheid, respek, liefde, ondersteuning, ens. Die duiwel sou haar baie graag wou oortuig om aan hierdie skuld vas te hou. Nou moet ons in gedagte hou dat God die Vader 'n groot aantal skuldbriewe teen ons in Sy hand het … dink maar net aan Jesus Christus wat as skuldoffer aan die kruis moes hang. God se ooreenkoms is egter dat as jy jou skuldbriewe van ander opskeur, dan kan Hy jou oortredinge verwyder soos die ooste van die weste – en Hy sal daar nooit weer aan dink nie – Halleluja!

God se voorskrifte is altyd uiters prakties en logies en altyd gerig om jouself te bevoordeel. God is almagtig. Hy het nie ons gunste en gawes nodig nie, maar omdat Sy liefde en Genade vir ons so groot is, wil Hy ons graag help en red. Moenie onvergifnis vertroetel soos 'n giftige slang aan jou bors nie. Raak ontslae daarvan en jy sal sommer ook baie beter voel. Kies om te vergewe!

NEDERIGHEID

1 Pet. 5:5 en 6: Net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees; en wees almal met ootmoed bekleed in onderdanigheid aan mekaar, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd.

Die frase "ootmoed bekleed" laat dink aan die slawe van destyds: om te wys dat hulle slawe was moes hulle 'n voorskoot dra: 'n slawe-voorskoot. Nou sê Petrus wees ootmoedig, nederig soos 'n slaaf teenoor andere – dis wat bogemelde frase insinueer. 'n Gebrek aan nederigheid kan nog rede wees waarom 'n mens se gebede nie beantwoord word nie: jy bid vanuit 'n posisie van hoogmoed. En God sê dat Hy die hoogmoediges WEERSTAAN – Hy stoot hulle eintlik weg. Dit is onmoontlik om naby God te kom met 'n hoogmoedige hart. Daarom sê Petrus: **Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd.**

Let op: die Bybel sê VERNEDER (Engels: humble) JULLESELF – dis 'n aksie van ons kant af. Dit is dus onskriftuurlik om te bid dat die Here jou moet nederig maak. God kan jou wel verneder (Engels: humiliate) as dit nodig is, maar slegs JY kan NEDERIG word – jouself met ootmoed beklee. Weereens het jy die hulp van die Heilige Gees nodig, maar moet nie die oomblik van genade laat verbygaan nie. BESLUIT om hoogmoed en arrogansie neer te lê en KIES om jou te verootmoedig.

In Luk. 14 gee Jesus 'n baie wesenlike gelykenis oor die hoogmoediges. Dit gaan oor die gaste by die ete wat in die voorste gestoeltes – seker die van die eregaste – gaan sit het, en toe moes hulle die vernedering ondergaan om na die agterste sitplekke verwys te word. KIES liewer die nederige plek en jy sal nie so 'n vernedering ondergaan nie. Moenie wag vir 'n gevoel nie: BESLUIT.

Dwarsdeur elke Christen se lewe kom menige geleentheid voor om die minste te wees en onsself te verootmoedig: GRYP DIT AAN! Want Jesus sê in Luk. 14:11: **Want elkeen wat homself verhoog sal verneder word, en wat homself verneder, sal verhoog word.**

Dink maar aan Jesus en satan. Soos jy weet was satan eens op 'n tyd 'n aartsengel wat uitgestaan het weens sy wysheid en skoonheid. Maar hy het besluit dat hy wou hoër gaan. Wat was die gevolge? Hy het GEVAL. Jesus het nie nodig gehad om hoër te gaan nie, want Hy was op dieselfde vlak as God. Wat het Hy gedoen? Hy het Homself verneder en neergedaal tot die laagste vlak: dood aan 'n kruishout. En kyk wat het toe met Jesus Christus gebeur:

Filip. 2:9: Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is.

Waarom was Hy uitermate verhoog? Nie omdat Hy 'n geliefkoosde Seun was nie, maar omdat Hy die voorwaarde nagekom het. Hy het GEKIES om Homself te verootmoedig! As jy wil hoër gaan, sak laer. Dit is 'n Bybelse beginsel, hoe dwaas en onlogies dit ookal vir die wêreld mag klink. Let op: dit is nie 'n gevoel nie. Dit is 'n BESLUIT en 'n AKSIE: jou besluit en aksie.

DIE VREES VAN DIE HERE

Hierdie BESLUIT gaan om 'n baie gewigtige saak en hierdie is 'n waarskuwing aan mense wat speel met God se genade: mense wat nie reageer as hulle die Stem van God hoor nie.

(Vervolg op Bl. 4)



JESUS and the Word

Had Jesus depreciated the Word of God in the least, He would have depreciated Himself. There is a oneness between Jesus as the Living Word, and the written Word which we hold in our hands. To follow that Word is to follow Him; to desire it is to desire Him.

Jesus' understanding of the Word of God was much different from that of many people today. Jesus was a strong believer in the Word. He took the Word very seriously and very literally. His disciples too looked upon the Word in the same manner.

In John's gospel Jesus is presented as the Living Word: ***"In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God …. And the Word became flesh and dwelt among us …"*** (John 1:1,14). Therefore Jesus was, and is, the Living Psalms, the Living Prophets, and the Living Torah.

Had Jesus depreciated the Word of God in the least, He would have depreciated Himself. There is a oneness between Jesus as the Living Word, and the written Word which we hold in our hands. To follow that Word is to follow Him; to desire it is to desire Him.

Jesus viewed every Word from God's mouth as necessary food for mankind. He quoted Scripture in saying: ***"It is written, Man shall not live by bread alone, but by every word that proceeds from the mouth of God"*** (Matthew 4;4), quoting Deuteronomy 8:3: ***"…. That he might make you know that man shall not live by bread alone; but man lives by every word that proceeds from the mouth of the LORD."***

Thus Jesus looked upon every word in the Bible as important. When the Sadducees, ***"who say there is not resurrection"*** (Mark 12:18) questioned Him about the resurrection, He said: ***"Have you not read in the book of Moses, in the burning bush passage, how God spoke to him, saying, I am the God of Abraham, the God of Isaac, and the God of Jacob? He is not the God of the dead, but the God of the living. You are therefore greatly mistaken"*** (12:26,27).

The Lord hung the doctrine of the resurrection on the word 'am', which His Biblically literate listeners would also accept as a valid interpretation. The Sadducees were stunned and defeated by the weight of Jesus' argument.

Jesus also based the doctrine of the resurrection on the fact that as ***"Jonah was three days and three nights in the belly of the great fish, so will the Son of Man be three days and three nights in the heart of the earth"*** (Matthew 12:40). Thus if the book of Jonah were a myth, the same would naturally apply to His resurrection!

Jesus quoted too from the book of the prophet Daniel – a book whose authenticity many 'scholars' have debated – regarding the coming Great Tribulation and Antichrist: ***"Therefore when you see the abomination of desolation, spoken of by Daniel the prophet, standing in the holy place …. Then let those who are in Judea flee to the mountains …. For then there will be great tribulation, such as has not been since the beginning of the world until this time …."*** (Matthew 24:15,16,21 ff).

This event has had a partial fulfilment during the fall of Jerusalem in 70AD when, based on His warning: ***"When you see Jerusalem surrounded by armies…"*** (Luke 21:20) His followers fled the city and so were spared the ensuing disaster. The final fulfilment of course speaks of the Great Tribulation of the end days, and for these critical end-time teachings Jesus cited Daniel as a valid source.

The early disciples and apostles continued with Jesus' concept of the certainty of God's Word. Paul says in his Second Letter to Timothy: ***"All Scripture is given by inspiration of God, and is profitable for doctrine, for reproof, for correction, for instruction in righteousness…"*** (3:16).

Peter in his Second Letter speaks of Paul's letters themselves as carrying the weight of Scripture (3:14-16), and in his First Letter he quotes the prophet Isaiah that ***"the word of the LORD endures forever"*** (1:25), and presents the ideas and philosophies of men as but grass when compared with the Word of God: ***"All flesh is as grass, and all the glory of man as the flower of grass. The grass withers, and the flower falls away, but the word of the LORD endures forever."***

In the last book of the New Testament John has a severe warning for those who lightly esteem the Word of God: ***"For I testify to everyone who hears the words of the prophecy of this book: If anyone adds to these things, God will add to him the plagues that are written in this book."***

"And if anyone takes away from the words of the book of this prophecy, God shall take away His part from the book of life, from the holy city, and from the things that are written in this book" (Revelation 22:18,19).

The Word of God is the only foundation for reconstruction in our present era. God wants to write His Word on our hearts, impress it upon our minds, teach it to our children, talk of it ***"when you sit in your house, when***

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 -Yeshua and the Word .)



The Word of God is the only foundation for reconstruction in our present era. God wants to write His Word on our hearts, impress it upon our minds, teach it to our children, talk of it ***"when you sit in your house, when you walk by the way, when you lie down, and when you rise up"*** (Deutereonomy 6:7)

---

you walk by the way, when you lie down, and when you rise up" (Deutereonomy 6:7)

Today lives are falling apart, families are falling apart, and nations are falling apart, because the Word of God has been spurned, depreciated and cast away by our so-called enlightened society. God's Word says that He will restore all things; He will restore Israel, and is actually doing so in these days, as we heed His prophetic Word, and as we return to view the whole Word as sacred and God-breathed.

In Isaiah 62:2 the Lord says: ***"But on this one will I look: on him who is poor and of a contrite spirit, and who trembles at my word."*** May we be found among the tremblers. May we feast always on the Word of God, and regard it more than our necessary food. "The David Press" ☐

(Continued from page 2)

Spr. 1:28-29: Dan sal hulle na my roep, maar ek sal nie antwoord nie; hulle sal my soek, maar my nie vind nie.

Omdat hulle die kennis gehaat en die vrees van die Here nie VERKIES het nie….. Hoeveel Christene is daar nie wat weereens die vrees vir God wil verbind aan 'n gevoel. Dis weereens 'n misleiding, want in die voorafgaande teks sê die Here dat om Hom te vrees GEKIES word: dis 'n wilsbesluit. Dis baie belangrik dat jy hierdie feit sal besef, dit KIES en ooreenkomstig OPTREE.

Nog 'n paar tekste hieroor wat jy gerus ernstig oor kan nadink.

Spr. 1:7: Die vrees van die Here is die beginsel (en begin) van die kennis…..

Psl. 111:10: Die vrees van die Here is die beginsel van wysheid….

Spr. 19:23: Die vrees van die Here is tot die lewe; en versadig (met die vrees van die Here) bring 'n mens die nag deur, sonder om deur 'n onheil besoek te word.

VLOEKE EN SEëNINGE

Baie Christene glo nog aan die noodlot, m.a.w. dat 'n mag buite hulleself bepaal of hulle lewens vervloek of geseën gaan wees. Hulle sal selfs vir jou sê dat God hierdie "onbegryplike mag" is wat die mens soos 'n marionet (puppets) hanteer: Hy trek die toutjies en besluit of vloeke of seëninge jou lot gaan wees. Maar dis nie wat die Bybel sê nie!

Deut. 30:19: Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. KIES dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag….

Na aanleiding van hierdie teks wil ek die volgende stelling maak: *jou probleme is die gevolg van jou besluiteloosheid of van jou verkeerde besluite.* Lees gerus weer hierdie laaste paar woorde en dink ernstig daaroor.

Jy kan gerus 'n studie maak van Deut. 30 en ook Deut. 28: daar spel God baie duidelik uit dat GEHOORSAAMHEID AAN SY WOORD bring seën, en ONGEHOORSAAMHEID AAN SY WOORD bring vloeke. Dis sò eenvoudig! Nou moet ek en jy KIES of ons gehoorsaam gaan wees òf ongehoorsaam . M.a.w. ONS BESLUITE, ONS KEUSES bepaal ons lewens – NIE 'n "onbegryplike Mag" nie.

ONS KIES lewe of dood – dis wat God sê in Deut. 30:19. En dan kies ons dit ook vir ons nageslag, want dis ook wat God sê in Deut. 30:19.

Psl.. 112:2: **…. Die geslag van die opregtes sal geseën word.** So loop hierdie draad dwarsdeur die Bybel, nl. dat jou BESLUITE ook jou nageslag affekteer. Bv. as 'n man KIES om ontrou te wees aan sy vrou en wegloop saam met iemand anders, affekteer daardie KEUSE nie net homself nie, maar ook ander mense, insluitende sy nageslag. Let op Deut. 30:20: (Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag) **Deur die Here jou God lief te hê, na Sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae….**

As jy wil uitkom, vrykom uit die draaikolk van ellende in jou lewe, sal JY 'n BESLUIT moet neem. En ook nie sommer enige BESLUIT nie, maar 'n BESLUIT gebaseer op die Woord van God. Dan kan jy lewe en seën verwag, jy en jou nageslag!

GEBED

PUT IN ALTAS TRANSLATED PIECE!!!!!!!

Maar moenie wag vir 'n gevoel nie – dis JOU KEUSE. BESLUIT om in tale te bid, en DOEN dit – DOEN dit

(Continued on page 8)

Ons God van Wonderwerke

Ek wil net getuig van ons Groot Koning. Ek was vir jare geteister deur bose geeste in my huis. Ek het die duiwels uitgedryf deur die krag van die bloed van die opgestane Lam. Ek vas en bid een keer per week. Ek hou nagmaal elke dag. Ek gaan gereeld kerk toe. Ek het gevind dat hoe meer ek met die Here te doen het, hoe beter gaan dit met my, geestelik en liggaamlik. Ek loof en prys Sy Heilige Naam. Ek kan getuig dat ek genade op genade ontvang dag en nag. Ek groet hiermee tot ek weer van julle hoor. Prys SY Naam.

Mnr K Roos, Middelburg

Ek wil net getuig hoe wonderlik die Here weer in ons nood voorsien het. My kleinseun het my een nag halfdrie uit 'n groot stad waar hulle woon gebel en gesê dat hy uit sy ouerhuis uitgetrek het en nie weer teruggaan nie. Ek het gepaai en getroos. Ek het sy ouers gebel en hulle was ook radeloos want die man was baie opstandig. Ons het ook uitgevind dat hy met verkeerde vriende en dwelms deurmekaar is vanwaar sy aggressie. Ek was so bekommerd dat hy die vreemde sou invaar. Ek het die sentrum gebel en gevra dat julle moet bid vir hom om terug te gaan huis toe en dat hy verlos sou word van al die verkeerde dinge. Dieselfde aand was hy so siek dat 'n vriendin gebel het en gesê het sy pa moet hom kom haal. My seun het hom gaan haal en ook hospitaal toe geneem waar hy baie siek was maar hulle kon hom behandel en na 'n paar dae ontslaan.

Ek het werklik die hand van die Here gesien wat hom op daardie stadium laat siek word het sodat hy gehelp kan word. Ons het almal so vir hom gebid. Dit gaan reeds beter. Hy is soms nog aggressief maar hulle wou sy motor en selfoon wegneem en het hom belet om na seker plekke te gaan en met seker vriende om te gaan. Hy het definitief tot ander insigte gekom. Dit gaan heelwat beter en ons weet dat hy op die regte pad is danksy u gebede en ook ons wat saam gebid het. Hoe wonderlik is dit nie dat as die nag so donker is en probleme vir jou te groot word dat ons, ons na u kan wend om saam met ons in te tree in gebed. Hoe kan mens die Hemelse Vader dank vir die verhoring van gebede en dat daar mense is soos julle? Dit beteken soveel om te weet as daar sulke groot ellendes oor mens se pad kom, ons vir u kan skakel om in te tree in gebed. Kere sonder tal is u gebede verhoor. Ons bid ook maar u beskik definitief oor die gawe dat u gebedes verhoor word.

Dankie Waarderende ma en ouma op Jansenville

Die laaste keer was aan die begin van die jaar toe ek 'n knop gevoel het by die plek waar my linkerbors en borsspier verwyder is. Die knop het omtrent een sentimeter uitgestaan en ek het weer dieselfde pyn onder my armholte gevoel soos toe ek borskanker gehad het. Ek het na die sentrum gebel en 'n dame het gesê sy sal u die boodskap gee. So 4 of 5 dae later het my dogter gesê ek moet dokter toe gaan want die knop was nog net so groot. Ek sê toe vir haar ek kan dit nie doen nie, want dan sê ek eintlik vir die Here Hy kan my nie genees nie, en dan sal Hy sy rug op my draai. Na nog 'n paar dae het die knop heeltemal verdwyn. God is getrou en ek glo Jesus het in Sy wonde al ons siekte en krankhede gedra, soos ons in die Bybel lees.

Baie dankie vir al die kere wat u vir my gebid het, ek is baie dankbaar daarvoor.

Christus liefde

Mev C Scott, Die Wilgers

Baie, baie, baie dankie vir jul gebede saam met my. Ek het vir jul 'n brief geskryf en gevra dat jul asseblief saam my sal intree vir my seun Jovan wat verkeerde maats gehad het en op die afdraende pad was. Die Here het werklik waar al begin werk. Hy het sover al met Lee wat hom negatief beïnvloed – nog nie gekuier vandat ek vir jul gevra het om te bid. Hoe sê hulle: satan is magtig maar God is Almagtig. Dan het ek nog 'n dankbare hart teenoor die Here. Ek het gevra dat jul asseblief vir my man sal intree vir werk en Jesus het vir hom 'n permanente werk voorsien in Camden – Permanent met medies en pensioen. Mag julle dubbeld soveel geseën word met die werk wat jul doen.

Mev A Mare, Ermelo

Ek het in begin Julie 2007 aan u geskryf en voorbidding vir my dogter Rika se warmgloede gevra. Die brief was seker 3 of 4 dae in die pos toe het die gloede verdwyn. Tot vandag het sy dit nog nie weer gekry nie. Dankie Here, vir u grootheid en genade. Baie, baie dankie! Mag die Here julle almal by die sentrum ryklik seë.

Mev S van der Merwe, Daspoort

Op die 13de Mei 2005 het ek 'n brief aan u gerig (wat ek 'n afskrif van insluit). Dit was 'n versoek dat julle asseblief vir my enigste seun sal bid wat aan distonie lei. Ek skryf nou om die goeie nuus aan julle mee te deel dat die Hemelse Vader ons, en julle gebede verhoor het. Hier waar ek sit en skryf moet ek keer dat die trane van dankbaarheid nie op die papier val nie. Twee jaar en drie maande terug was dit hartseer trane, wat nou omskep is in trane van vreugde. My kind het op 'n rubber matroasie, meeste van die tyd, voor die TV gelê. Die botox inspuitings wat hy elke 3 maande moes kry, en wat elke keer R3000 gekos het, het niks gehelp nie. Nou het hy in sak en as opgestaan, onder die besembos uitgekom, sy toevlug na die Hemelse Vader geneem. Hy voer 'n normale lewe. Baie seën op julle wonderlike wêrk word julle toe gebid.

Tannie F Viljoen, Bultfontein

Jesus het u en ons gebede verhoor vir ons seun wat kanker het. Sy kanker telling was 39 en is nou getoets, en dit was 0.6 Baie dankie vir u gebede. Jesus genees nog altyd as ons opreg bid en glo. Baie, baie dankie. Gaan voort met u wonderlike werk vir ons Heer!!

P Odendaal, Bethlehem

Dit gaan goed met my en ek vertrou met dr van Zyl en gesin

(Vervolg op Bl. 6)

(Vervolg vanaf Bl. 5 - Ons God van wonderwerke)

ook. Nou eers my vreugde en geluk met u almal deel. Dr James 4 jaar gelede het ek geskryf en gevra vir voorbidding vir my seun Louis, sy linker nier is verwyder met kanker. Dank my God en Heer dis alles gesond en reg.

Toe het ek weer 3 jaar gelede geskryf en gevra vir my kleindogter se rug wat so baie moeilikheid gegee het. Nou sê ek net haar rug is gesond sonder 'n operasie. Ek wil u almal bedank vir gebede, as ek skryf weet ek u bid getrou. Ons groot dank gaan aan God ons Heer en Meester. Baie dankie aan die geliefde van Zyl familie wat ek so baie voorbid, en ek weet u bid ook vir my. Liefde Groete

Mev E van Niekerk, Garsfontein

Dit is met 'n dankbare hart wat ek vir u skryf. My oë is volkome genees, dankie aan my Vader. As Hy so groot is om blindes te laat sien was die katarakte op my oë sommer speletjies vir ons Heer. Ek hoef nou glad nie meer bril te dra nie, want ek moes altyd permanent bril dra. Nou sit ek bril op as iets baie klein geskryf is. Prys die Here!!

Mev C De Jager, Minnebron

uit Dr James se kantoor

Spesiale word van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

BOEKE, KASSETT BANDE EN CD'S

Skakel ons of skryf aan ons vir 'n lys van ons boeke, kasett bande en CD's.

Hoe om te bestel:

1. Dui asseblief die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkie langs die titel
2. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks of pos die deposito trokie saam met die lys van u bestelling

Bank besondehede:
Eerste Nasionale Bank
Rek No: 53730091667
Takkode: 220129
Faks no: (032) 5525411

OF, stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. As u nie u bestelling binne 4 of 5 weke ontvang nie, dan moet u ons asseblief laat weet.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassete en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

***

Dr James

(Vervolg vanaf Bl. 4 - Jesus—God se wil…..)
DIKWELS. Wanneer jy in jou motor ry; in die bad sit; kos kook – daar is sò baie geleenthede. **Bid in tale, sing in tale.** Verheerlik God op hierdie wyse, voer so jou geestelike stryd. Stig jou sò en bewaar jouself van die goddelose op hierdie wyse. Dis jou BESLUIT!

Vriende, ek glo dat hierdie lering baie duidelik was oor berou en bekering; vergifnis, nederigheid, die vrees van die Here, vloeke en seëninge en gebed.

Sò is die hele Christenwandel: nie gevoelens nie, maar daadwerklike besluitnemings en optredes. Begin JY vandag om te KIES en let op die groei in jou geestelike lewe, wat dan uitkristalliseer in jou fisiese lewe. God kry al die eer!